## VAN DIE REDAKSIE / EDITORIAL

Vanjaar is 'n bonusjaar vir die lesers van *Historia*. Omdat albei die vorige uitgawes gedenkuitgawes was, het die redaksie besluit om vanjaar 'n derde uitgawe die lig te laat sien, sonder enige bykomende onkoste vir die intekenaar. Artikels wat nie in die gedenkuitgawes opgeneem kon word nie, word dus in hierdie uitgawe gepubliseer. Hierdie artikels toon uit die aard van die saak nie dieselfde tematiese eenheid as dié in die vorige twee uitgawes nie. Twee handel oor belangrike teoretiese en metodologiese onderwerpe en kan as 'n prikkel dien vir verdere besinning en meningswisseling. 'n Verdere drie artikels belig interessante aspekte van twee eietydse politieke en staatkundige persoonlikhede. Dit is verblydend dat die soeklig in een van die artikels val op die bekende en interessante politieke figuur Margaret Ballinger. Dit is die eerste vrug van omvatende navorsingswerk oor haar rol in die Suid-Afrikaanse politiek. Verder word in twee artikels nuwe inligting en perspektief gegee oor advokaat B J Vorster: een handel oor Suid-Afrika se Afrikabetrekkinge onder sy premierskap en die ander oor sy omstrede interneringstydperk. Die twee oorblywende artikels handel oor onderwerpe uit die 19de eeu — een daarvan oor ekonomiese geskiedenis, 'n tema wat dikwels in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing verwaarloos word.

The Editorial Committee took a few important decisions at its last meeting:

Because of the growing number of overseas subscribers to *Historia* it was decided that all articles written in Afrikaans should also be accompanied by a short summary in English. This is an established practice at most other South African academic journals.

Future contributors are requested to keep their articles short. This has the advantage that more articles of outstanding quality can be published in the limited space available in *Historia*. The Committee was of the opinion that articles should preferably not be longer than approximately 20 typed pages (A4 size). Articles already received are exempted from this requirement.

— For many years now the subscription fee to *Historia* has been set at R10 per annum. Meanwhile there have been considerable rises in production costs and forwarding charges and the Committee had to raise subscription fees to R12 from 1987. We are convinced that subscribers will still be getting outstanding value for this relatively small subscription fee.

J S BERGH
*Redakteur/Editor*